Gebedspunte

Terwyl u deur hierdie gebedspunte bid, dra in die besonder gesondheidswerkers wat u ken op na die troon van God.

LOF EN DANKSEGGING

Dank God vir:

- *Sy vergifnis van ons sonde*
- *Sy getroue bemoeienis met alle aspekte van ons lewens*
- *Sy oorvloedige genade, wat die gebeure van ons lewens tot 'n glorieryke tapisserie verweef*
- *Sy belofte om ons lyding te beëindig en ons wat op Hom vertrou, te vertrtoos*
- *Sy versekering dat alle ongeregtigheid tot 'n einde sal kom en dat Hy alles sal vernuwe.*

GESONDHEIDSWERKERS

Bid vir almal betrokke in die versorging van siek en gebroke mense. Tree in vir dié wat in die privaat-, staats-, en akademiese sektore werksaam is, in kliniese, administratiewe en ander sfere. Bring almal na die Vader wat in die gesondheidsberoepe studeer, en ook diegene wat mediese navorsing doen. Bid vir hoop, vreugde en wysheid sodat die lig en lewe van Christus deur hulle mag skyn.

GESONDHEIDSOWERHEDE

Bid vir hulle wat besluite neem wat die gesondheid van ons nasie raak. Bid vir ons President, die Nasionale Gesondheidsminister, die Nasionale Direkteur-Generaal en die provinsiale LUR's vir Gesondheid en almal wat aan hulle verslag doen. Bid vir gelykheid, reg en geregtigheid in die gesondheidsorgsektor en bid ook vir meer Christenleiers om die uitdagings van gesondheidsregulering aan te pak.

GESONDHEIDSKWESSIES

Onthou in gebed diegene wat deur die veelvuldige plae in ons land geraak word: VIGS, tuberkulose, geweld, alkoholisme en substansmisbruik. Smeek God om almal wat onder hierdie aanslae gebuk gaan, by te staan, asook diegene wat indirek hierdeur geraak word - veral die kinders. Roep uit tot God names die kinders van ons nasie, wat so dikwels die slagoffers van ander se wandade is en weerloos teen misbruik is. Bid vir almal wat betrokke is in pogings om die impak van hierdie euwels te verlig; fisies, emosioneel, maatskaplik en geestelik.

GESONDHEIDSWERKER-ONDERSTEUNING

In dankbaarheid en met smeking, bid vir hulle wat betrokke is in die ondersteuning van gesondheidswerkers - professionele liggame, werkersunies en nie-regeringsorganisasies. Bid vir die werk van *Healthcare Christian Fellowship* en die *Christen Geneeskundige Bond*, sowel as ander organisasies soos die *International Christian Medical and Dental Association*, *Doctors for Life*, *Hospiview*, *Catholic Health Carer's Association*, *Focus on the Family* en *International Fellowship of Evangelical Students*.

VERSORGERS

Dank die Vader vir almal in u eie lewe wat hulp en troos gebied het in u tye van nood en lyding. Vra Sy seën op hulle wat tyd en bronne vrywilliglik opoffer om die nood van ander in barmhartigheid te verlig. Ondersoek u hart om te sien hoe die lyding in u eie verlede u toerus om ander se nood te verlig. Verbind uself daartoe om gereeld vir diegene wat andere in liefde versorg, te bid.

Gesondheidsorg-Sondag

18 Oktober 2009

Gesondheid vir almal

Gesondheid vir almal

Dr. Rudzani Muloiwa

Tekste: Romeine 8:22-23; Psalm 103:1-5

Dit is 4:28 in die oggend. Ek is sopas terug van die kindersaal, waar ek 'n vyf maande oue kind dood moes verklaar. Alhoewel sy met 'n vermoedelike hartletsel gebore was, het sy nooit enige spesiale ondersoeke hiervoor ontvang nie.

Dit het my laat nadink oor "Gesondheid vir almal".

Die Wêreld-Gesondheid Organisasie omskryf gesondheid as "'n toestand van totale fisiese, psigiese en maatskaplike welsyn, en nie net die afwesigheid van siekte nie". Soms voeg Christene "geestelike welsyn" tot die lysie by. Maar is so 'n tipe gesondheid haalbaar? Meer nog, is dit vir *almal* haalbaar? Of is hierdie slagspreuk blote wensdenkery, 'n mikpunt wat opsetlik hoog gestel word om te verseker dat *iets* ten minste getref word in die po gings om dit te bereik?

Vir my kom twee vrae na vore:

- Watter sin moet 'n Christen (en nie net 'n Christen gesondheidswerker) maak uit die konsep "Gesondheid vir almal"?
- Wat is die korrekte Christelike antwoord tot die konsep van "gesondheid vir almal"?

Om mee te begin, glo ek ons moet 'n onderskeid tref tussen "Gesondheid vir almal" en "Gesondheid-*sorg* vir almal". Uit Christelike oogpunt is die eerste nie in ons mag om te gee nie, selfs nie te midde van onbeperkte bronne nie. Aan die ander kant is die tweede wel binne ons mag, maar teen hoë koste vir die samelewing. Die kind se vermoedelike hartletsel was nie direk deur menslike vergryp veroorsaak nie. Die onvoldoende gesondheidsorg wat hierdie kind egter ontvang het, was wel binne menslike vermoë om reg te stel, maar niks het gebeur nie. Maatskaplike vooroordeel het haar verhinder om betyds hanteer te word.

Hoe moet ons dus met hierdie twee konsepte omgaan? Op die oog af lyk "gesondheid" onbereikbaar, maar nadere ondersoek openbaar die teenoorgestelde. Gesondheid is nie binne ons mag om self te bereik nie. Met ander woorde, ons word hier die kans gegun om onsself in die hande van 'n barm–hartige God te plaas. Hierdie is die ware gesondheid - die *Shalom* wat God alleen kan gee. "Want Ek is die Here wat jou genees" (Ex 15:26b). In geloof bied ons aan God die fragmente van ons gesondheid om die volheid daarvan terug te ontvang. As gesondheid nie meer iets is om in eie krag te bereik nie, of waaraan ons krampagtig moet vasklou nie, begin ons denke vernuwe: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word vervolmaak in jou swakhede.". Die kern van goddelike gesondheid is die dinamiese aard daar–van, wat aanhou uitwaarts vloei, na andere toe. Gesondheid was nooit veronderstel om 'n eindpunt - 'n toestand van stase - te wees nie, maar 'n wyse van menswees, die begin van 'n pelgrimstog.

Wat van die tweede konsep: gesondheidsorg vir almal? Gesondheidsorg bly primêr 'n kwessie van geregtigheid. Dus is gesondheidsorg nie bloot 'n taak vir die gesondheidswerker om uit te voer nie, maar eerder 'n opdrag aan die hele Kerk. Armes sterwe daagliks weens maatskaplike, psigiese en fisiese gebreke waarvoor daar behandeling bestaan, maar wat van hulle weerhou is vir verskeie redes. As die kind nie in 'n arm, landelike distrik gewoon het nie, sou haar kanse vir toepaslike mediese sorg baie anders gelyk het. Vir die Kerk is "gesondheidsorg vir almal" nie 'n politieke slag–spreuk of 'n maatskaplike plig nie. Dit is die dankbaar–heid wat oor die rand van ons genesingssbeker vloei.

Ons taak is nie maklik nie. Dit help om die woorde van Henri Nouwen in *The Wounded Healer* voor oë te hou: "A Christian community is therefore a healing community not because wounds are cured and pains are alleviated, but because wounds and pains become openings or occasions for a new vision. Mutual confession then becomes a mutual deepening of hope, and sharing weakness becomes a reminder to one and all of the coming strength."

Ons het 'n opdrag om te luister en te werk in ons siek wêreld, terwyl ons verby die versugtinge uitreik in hoop. "Gesondheid vir almal" kan net kom deur diegene wat die betekenis van die kruis uitleef, omdat die kruis die enigste belofte inhou vir die vervulling van hierdie versugting.

Dit is ons opregte bede dat **Gesondheidsorg-Sondag** deur God se kinders gebruik sal word om Sy Koninkryk in die gesondheid-sektor uit te brei.

Hierdie pamflet is voorberei deur

Healthcare Christian Fellowship dank God vir 70 jaar van bediening onder gesondheidswerkers. HCF is interdenominaal en werk as 'n verlengstuk van die kerk. Gedring deur die Here het Carl en Francis Grim dié bond in 1936 in Suid-Afrika gestig. Hiervandaan het die Bond deur baie dele van die wêreld versprei. Die missie van HCF is om God se koninkryk in die gesondheidsorgveld uit te dra deur gebed, evangelisasie en dissipelskap. Christene in die gesondheidsorg-sektor het unieke geleenthede vir getuienis en diens deur ontfermende bediening aan die behoeftes van die hele mens.

HCF (SA), Posbus 11220, Rynfield, 1514
Tel 011-968 2751 Epos hcf@lantic.net
Fax 011-968 2402 www.hcfsa.givengain.org

Die **Christen Geneeskundige Bond van Suid-Afrika** getuig al meer as 50 jaar vir Christus. Die doel van CGB is om gesondheidswerkers te bemoedig om Jesus in en deur hulle alledaagse praktyk te verheerlik en sodoende geloof met diens te verbind. Deur die gemeenskaplike studie van die Woord, gebed en byeenkomste word lede versterk en bemoedig in hulle werksomstandighede. Christen gesondheidswerkers behoort te dien volgens die voorbeeld van Christus om 'n boodskap van hoop, liefde en genesing na 'n gebroke wêreld uit te dra.

CGB van SA, Posbus 5198, Tygervallei, 7536
Tel 021-949 5199 Epos office@cmf.org.za
Fax 086-670 1849 Web www.cmf.org.za

Sou u meer oor bogenoemde organisasies wou uitvind, kontak hulle asseblief gerus.

Mag u Gesondheidsorg-Sondag vol seën wees!